SABT verbreed horison

Bron: Jaap Maré, Voorsitter SABT Uitvoerende Komitee
Datum: 31 August us2007

“Die SABT moet wegbeweeg van sy beeld as ‘n entiteit op sy eie.” Só sê Jaap Maré, Voorsitter van die Uitvoerende Komitee in reaksie op navrae oor georganiseerde en individuele skakeling met nie-geaffillieerde verenigings.

’n Goeie voorbeeld hiervan is die komende internasionale simposium van SAMBA Global in België. As gevolg van verskille in die verlede vra lede nou leiding oor hulle bywoning, sowel as oor die feit dat ‘n vooraanstaande SABT-lid ‘n uitnodiging aanvaar het om as spreker op te tree.

Dit mag na ‘n afgesaagde uitdrukking klink, maar in die wêreldstad van vandag is kennisinsameling noodsaaklik vir oorlewing. Om te praat, te luister, te leer en te kommunikeer kan net die Vereniging se groei en invloed bevorder – plaaslik sowel as in die buiteland. Danksy ons uitvoerende lede in Europa en die VSA is die SABT en die Boerboel nou buite Suid-Afrika goed gevestig.

Na die beste van my wete beywer SAMBA hom hoofsaaklik vir kwessies rakende die gesondheid en temperament van die Boerboel in Europa. Staatsdepartemente van België en Nederland, sowel as die FCI (Fédération Cynologique Internationale – die internasionale hondevereniging) wat in België gesetel is, is ook betrokke.

Ek glo hierdie simposium en enige ander forum wat in die toekoms mag voordoen, is ideale geleenthede vir die SABT en entoesiastiese lede om ons ernstige verbintenis tot ons visie – die veredeling van die Boerboel – te bevorder.”